**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 05 DESEMBER 2023 OM 10:27 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolisen | : | Bestuurder Gemeenskapsfasiliteite *(waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Adv. L Roos | : | Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste |
| Mnr. S Lesch | : | Hoof: IKT |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/12/2023**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br><br>Die Voorsitter verwelkom almal by die laaste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, waarna hy die vergadering open met 'n stille gebed. Hy deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.<br><br>Die Voorsitter bevestig dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie op kantoor sal wees vir vergaderings nie (net in noodgevalle) en amptelik terug sal wees op kantoor vanaf Maandag 22 Januarie 2024.<br><br>*** | |
| **BKN002/12/2023**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br><br>Direkteur Gemeenskapsdienste - afwesig met verlof (tannie is oorlede en hy is besig met begrafnisreëlings)<br>Interne Ouditeur - siekverlof<br><br>Die Munisipale Bestuurder meld dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste, Bestuurder: Inkomste en Bestuurder: Finansiële State en Beheer by die CFO Forum teenwoordig is. Die Voorsitter spreek sy kommer uit dat daar geen waarnemende Direkteur Finansiële Dienste op kantoor is nie.<br><br>Die Voorsitter spreek sy kommer uit rakende die Direkteur Gemeenskapsdienste se bywoning by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en versoek dat die Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Onderburgemeester 'n aflyn gesprek fasiliteer met die Direkteur Gemeenskapsdienste rakende die aangeleentheid. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat sy reeds 'n gesprek met die Direkteur Gemeenskapsdienste gehad het rakende die aangeleentheid.<br><br>Die Munisipale Bestuurder meld dat die Rekenmeester: Finansiële State en Beheer en Assistent Rekenmeester: Bates en Versekering by die vergadering sal aansluit om die voorlegging te maak soos versoek vanaf die Voorsitter.<br><br>*** | ***MUNISIPALE BESTUURDER*** |
| **BKN003/12/2023**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **BKN004/12/2023**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 21 NOVEMBER 2023</u>**<br>**3/3/2/2**<br>***(Die Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 21 November 2023, bekragtig word.<br><br>*** | |

**BKN005/12/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 21 NOVEMBER 2023**
***(Die Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

***(Die Rekenmeester: Finansiële State en Beheer en Assistent Rekenmeester: Bates en Versekering sluit om 10:39 by die vergadering aan)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 21 November 2023.

***

**BKN006/12/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/12/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**
***(Die "Loss control register" word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Voorts versoek die Voorsitter dat in 2024 'n gesprek gefasiliteer word rakende diefstalle en inbrake by die onderskeie munisipale gebou en fasiliteite, die aksies wat in plek gestel word om die skuldige(s) aan te keer en/of daar addisionele veiligheidsmaatreëls in plek gestel is om te verhoed dat daar weer diefstalle en inbrake plaasvind.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/12/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Hy betuig die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se meegevoel met Direkteur Gemeenskapsdienste se tannie, wat ook 'n familielid is van Raadslid Daniels, wat oorlede is en word hulle en hul familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat die Prysuitdelingsfunksie goed afgeloop het, waarna hy die organiseerders bedank vir die reëlings asook alle Raadslede en amptenare wat teenwoordig was;

- Hy wens die Raadslede en Administrasie 'n goeie en veilige feesseisoen toe, waarna hy hulle 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens; en
- Hy bedank die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Wyksraadslede, en Administrasie vir hul volgehoue ondersteuning, leiding en bystand gelewer deur die jaar.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens die Uitvoerende Burgemeester geluk en voorspoed toe met die viering van hom en sy vrou se huweliksherdenking van 19 jaar;
- Dat Direkteur Gemeenskapsdienste se tannie, wat ook 'n familielid is van Raadslid Daniels, oorlede is en word hulle en hul familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en
- Sy bedank ook die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Speaker en die MPAC Voorsitter vir die harde werk en bydrae gedurende die jaar waarna sy almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/12/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/12/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/12/2023**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**
**(*Die Kapitaalverslag word voorgelê)***

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Die Rekenmeester: Finansiële State en Beheer gee kortliks terugvoer rakende die kapitaalspandering van die Direktorate wat soos volg tot op hede gespandeer is:

**Munisipale Bestuurder** - 39,97%
**Finansiële Dienste** - 53,18%
**Korporatiewe Dienste** - 46,15%
**Tegniese Dienste** - 32.50%
**Gemeenskapsdienste** - 29,18%
**"Overall"** - 32,87% (uitgesluit skadukoste)
**"Overall, with show cost"** - 56,59%.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit rakende die huidige 32,87% kapitaalspandering en doen 'n beroep aan die onderskeie direktorate om te verseker dat hul die teikens wat gestel is, met verwysing na die voltooiing van die onderskeie kapitaalprojekte, moet probeer bereik.

**BESLUIT**

1. Dat die Kapitaalspanderingsverslag soos voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei word;

   ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

2. Dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste die opgedateerde "Procurement Plan", wat die vordering van die projekte bevat aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei teen Vrydag 08 Desember 2023; en

   ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend) (08/12/2023)***

3. Dat die Gemeenskapsdienste direktoraat 'n lys voorsien aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee rakende watter kapitaalprojekte deur die onderskeie konsultante gehanteer sal word asook wat die waarde van die kapitaalprojekte is.

   ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (waarnemend)***

***

***(Die Rekenmeester: Finansiële State en Beheer en Assistent Rekenmeester: Bates en Versekering verlaat om 11:15 die vergadering)***

**BKN012/12/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WAARNEMING AS MUNISIPALE BESTUURDER TYDENS FEESSEISOEN 2023**
**4/5/2/6**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Die Voorsitter versoek dat daar gelet word daarop dat indien 'n amptenaar waarneem hy/sy die nodige bevoegdheid en vereistes het om die funksie te kan verrig.

Op navraag van die Speaker rakende die uitklaring oor tydelike werkers se betalings gedurende die feesseisoen meld die Munisipale Bestuurder dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste 'n skrywe aan al die direktorate sal rig rakende die reëlings wat getref sal word.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing dat daar die nodige beskikbare personeel moet wees vir die indiening van tydstate, die aftekening daarvan asook die nodige personeel wat die betalings moet doen.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel aan die Raad dat mnr. Jacky Sass waarneem as Munisipale Bestuurder vanaf Dinsdag 02 Januarie 2024 tot en met Dinsdag 09 Januarie 2024; en

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die tydelike loon werkers in die onderskeie direktorate 'n voorskot kry vir betaling vir die week van 27-29 Desember 2023, en indien daar afwesigheid of enige kwessie is dit verhaal sal word van die Januarie 2024 loon betalings.

   ***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

***

**BKN013/12/2023**
**TWEEDE DRINGENDE ITEM VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERGOEDING VAN PERSONEEL VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder reël dat bogenoemde item na afloop van die oop agenda by die In-Komitee items BKN052 hanteer sal word.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste sluit om 11:20 aan by die vergadering)***

**BKN014/12/2023**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: TERUGVOERING RAKENDE DIE GESPREK MET DEPARTEMENT WATERWESE OOR DIENSVERSKAFFING AAN DIE MORAWIESE DORPE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder bedank vir DLG vir die hulpverlening van noodwater.

**BESLUIT**

1. Dat die "status quo" gehandhaaf word rakende die verskaffing van nood water aan Goedverwacht en Wittewater;
2. Dat die posisionering van noodwater gerieflik is vir die ouer inwoners;
3. Dat die nuwe konsepregulasie (wat die lewering van dienste op privaat grond aanspreek) by die SALGA werksgroep vir Infrastruktuur op die agenda opgeneem moet word ten einde die regulasie in besonderhede te bespreek; en
4. Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe Dienste (namens die Regsondersteuningsdienste afdeling) so spoedig moontlik die konsepregulasie (wat die lewering van dienste privaat grond aanspreek) verkry, sodra dit beskikbaar is, vir die nodige insae en kommentaar.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN015/12/2023**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2023**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for October 2023.

***

**BKN016/12/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: OCTOBER 2023**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayor take note of the October 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN017/12/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: MAANDVERSLAG: INKOMSTEBESTUUR: OKTOBER 2023**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit teenoor die klagtes wat deur die publiek ingedien word rakende die kommunikasie en die hantering van die deernis aansoeke by die onderskeie Bergrivier Munisipale kantore, met spesifieke verwysing na die Velddrif kantoor asook dat die nodige privaatheid geskep moet word vir die publiek met die hantering van die deernis aansoeke.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Deernisbeamptes jaarliks huisbesoek moet doen.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN018/12/2023**
**REQUEST TO WAIVE OWNERSHIP OF VESTED PROPERTY RIGHT: ERF 373, PIKETBERG (PUBLIC ROAD)**
**(PB. 373)**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That Erf 373, Piketberg (Public Road ±20.24m² in extent), is not required to provide minimum level of basic municipal services;
2. That Bergrivier Municipal Council's intention to waive its vested property right to ownership of Erf 373, Piketberg (Public Street) in its entirety to The Jankielsohn Property Trust, be advertised for 14 days for public comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;
3. That the applicant is authorised to register the vested property rights in terms of the requirements of section 31 of the Deeds Registries Act, 1937, as amended and further registration thereof at own expense; and
4. That all associated financial expenses applicable to land use applications, surveying and registration will be for the cost of the applicant.

***

**BKN019/12/2023**
**TENDER 8/3/25-2023 (MN121-2023): SUPPLY, INSTALLATION, MAINTAINING A BIOMETRIC ACCESS SYSTEM WITH A CONTRACT PERIOD OF 3 YEARS**
**8/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die gebruik van die huidige stelsels (Phoenix of Collaborator) se modules asook die kommer wat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het rakende die huidige inklokstelsel en toegangsbeheer van die personeel.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die item verwys word na die Begrotingsloodskomitee vir bespreking tydens die Aansuiweringsbegrotingsproses.

***

**BKN020/12/2023**
**TENDER 8/3/24-2023 (MN120-2023): APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR THE PROVISION, MAINTENANCE AND SUPPORT OF AN AGILE CLOUD WEB-BASED ELECTRONIC RECRUITMENT SYSTEM FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY FOR A PERIOD OF THIRTY-SIX (36) MONTHS**
**8/1/1**

Die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat vir toekomstige beplanning by die begrotingsproses vir kapitaalprojekte die mark getoets moet word ten einde befondsing aan te vra wat naastenby aan die tender bedrae is.

(***Die Speaker verlaat om 11:45 die vergadering)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester stel voor dat die onderskeie bedrae soos begroot vir die tyd en bywoning en elektroniese werwing stelsel bymekaar gegooi word vir oorweging by die Aansuiweringsbegroting en dat addisionele befondsing vir die tyd en bywoning stelsel begroot word.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the item be referred to the Budget Steering Committee for discussion during the Budget Adjustments process; and
2. That the amount of R 52 000.00 of the amount budgeted for the Electronic application system for vacancies, be transferred by a virement to Lighting in Velddrif Town Hall.

***

**BKN021/12/2023**
**VERVOERTOELAE, OPGRADERING VAN SELFONE EN NUWE PAKKETTE EN ESSENSIËLE VERVOERSKEMA**
**4/5/2/5; 6/2/2/2**

1. **OPGRADERING VAN SELFONE EN NUWE PAKKETTE**
   **6/2/2/2**

Die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die lys van amptenare wat ‘n selfoontoelaag kry asook die wat ‘n amptelike selfoon het aan die Voorsitter voorsien word.

***HOOF: IKT***

Voorts spreek die Voorsitter sy kommer uit rakende amptenare wat 'n amptelike selfoon het en nie die selfoon antwoord of terugbel nie.

**BESLUIT**

1. Dat daar kennis geneem word van die individuele pakkette soos hierbo genoem;
2. Dat daar kennis geneem word dat die Samsung Galaxy A34 128 5G aangekoop word as handstuk;
3. Dat daar kennis geneem word dat die Hoof IKT 'n lys sal saamstel van toepassings en webtuistes wat op die "uncapped work related" lys moet wees; en
4. Dat die Selfoon-en-Data beleid dienooreenkomstig aangepas word.

***HOOF: IKT***

2. **VERVOERTOELAE**
**4/5/2/5**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Voorsitter.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die onderskeie amptenare se voertuie geskik moet wees vir die funksie waarin die amptenaar is.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***BESTUURDER MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

3. **ESSENSIËLE VERVOERSKEMA**
**4/5/2/5**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat 'n moratorium geplaas word op die Essensiële Vervoerskema ten einde te verseker dat 'n volledige Essensiële Vervoerskema beleid voorgelê en goedgekeur word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee. (Dat die huidige amptenare se Essensiële Vervoerskema steeds betaal word maar dat geen nuwe aansoeke hanteer moet word nie.)

***BESTUURDER MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN022/12/2023**
**DIREKTORAAT: KORPORATIEWE DIENSTE: STRATEGIESE SESSIE: 02 – 03 NOVEMBER 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN023/12/2023**
**MONTHLY REPORT: ADMINISTRATION AND LEGAL SUPPORT SERVICES: 01 OCTOBER 2023 – 31 OCTOBER 2023**
**9/1/2**

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Administration and Legal Support Services: 01 October 2023 – 31 October 2023.

***

**BKN024/12/2023**
**MONTHLY REPORT: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: 01 OCTOBER 2023 – 31 OCTOBER 2023**
**9/1/2**

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Town Planning and Environmental Management: 01 October 2023 – 31 October 2023.

***

**BKN025/12/2023**
**MONTHLY REPORT: HUMAN RESOURCES: 01 OCTOBER 2023 – 31 OCTOBER 2023**
**9/1/2**

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Monthly Report: Human Resources: 01 October 2023 – 31 October 2023.

***

**BKN026/12/2023**
**PUBLIEKE WI-FI**
**6/2/2/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en meld dat die Hoof: IKT daarop moet let dat die Pietie Fredericks Jeugsentrum se Wi-Fi tans aflyn is.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN027/12/2023**
**VOORSIENINGSPLAN EN VIREMENT VERSLAG: 01 NOVEMBER 2023 – 21 NOVEMBER 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van vordering met Voorsieningsplan, kapitaalspandering en viremente binne die Direktoraat Korporatiewe Dienste.

***

***(Die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste en Hoof: IKT verlaat om 11:15 die vergadering)***

**BKN028/12/2023**
**IMIS: KLIËNTEDIENSVERSLAG: PIKETBERG, PORTERVILLE & VELDDRIF: 01 JULIE 2022 – 29 NOVEMBER 2023**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee beskikbaar is as proefkonyne om die foto-funksie wat klagtes na die stelsel sal stuur uit te toets.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die IMIS: Kliëntediensverslag: Piketberg, Porterville & Velddrif: 01 Julie 2022 – 29 November 2023.

***

**BKN029/12/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

***(Die Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste en Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur verlaat om 13:39 die vergadering)***

**BKN030/12/2023**
**REVIEW OF CEMETERIES AND CREMATORIA BY-LAW**
**16/7/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die tydperk van beskikbaarheid van die uitkoop van die graf en dat ‘n kennisgewing aangebring word by die ou begraafplase in die Bergrivier Munisipale area met ‘n kontaknommer van die persone wat in beheer is van die toegangsbeheer (oop- en toesluit van ou begraafplase).

**RESOLUTIONS**

1. The draft Cemeteries & Crematoria By-law attached hereto as **Annexure A** by approved for public comment; and
2. This draft By-law be published for public comment in the relevant provincial gazette for a period of at least 30 days, at the conclusion of which it will be tabled for final approval by Council.

***

**BKN031/12/2023**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY POLICY ON THE LETTING OF MUNICIPAL HALLS (APPLICATION FOR FREE USE OF FACILITIES**
**17/7/5/B**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die onderstaande wysigings word voorgestel:

AANSOEK OM GRATIS GEBRUIK VAN FASILITEITE

Bl.380 in agenda:

c. Begrafnisdienste vir deernisgevalle *en uitsonderlike gevalle* op aanbeveling van die betrokke Wyksraadslid.

AANSOEK OM GRATIS GEBRUIK VAN FASILITEITE

Bl.383 in agenda:

2) 'n Disko dans mag *slegs met die vooraf verkreë, skriftelike goedkeuring van die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite* op Vrydagaande tot 02:00 voortduur, en indien dit langer duur, sal die Huurder sy volle deposito vir die huur van die Saal verbeur.

Bl.383 in agenda:

5) Slegs PLAASLIKE KLUBS, KERKE en VERENIGINGS of SKOLE word toegelaat om disko's in die Gemeenskapsaal / Stadsaal aan te bied. *Die aansoeker moet 'n magtigingsbrief vanaf die PLAASLIKE KLUBS, KERKE en VERENIGINGS of SKOLE aan die aansoek heg ter bewys.*

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Beleid oor die Verhuring van Munisipale Sale en Fasiliteite goedkeur onderhewig aan die wysigings soos gemeld.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (Waarnemend)***

***

**BKN032/12/2023**
**STATUS UPDATE ON FACILITY PROJECTS IN THE BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**17/7/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat 'n aflyn gesprek moet volg rakende die moontlikheid om tydelike swembaddens aan te koop vir die hitte en as tydelike plaasvervanger vir die swembaddens wat tans buite werking is.

**RESOLUTION**

It is recommended that the Executive Mayoral Committee take note of the content of the progress report.

***

**BKN033/12/2023**
**SPANDERING EN VORDERING VAN KAPITAAL PROJEKTE IN TERME VAN DIE TOP-LEVEL SDBIP**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN034/12/2023**
**PROCUREMENT PLAN: COMMUNITY SERVICES**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag.

***

**BKN035/12/2023**
**VIREMENT VERSLAG: OKTOBER – DESEMBER 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die viremente soos gereflekteer in **Aanhangsel A**.

***

**BKN036/12/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en meld dat die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste die kwessie rakende die Duiweklub met verwysing na die goedgekeurde plan, 'n kosteberaming verkry moet word en die kwessie daaromtrent finaliseer.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die St. Christopher huisie.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN037/12/2023**
**ELEKTRIESE NETWERKE: PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Direkteur Tegniese Dienste met die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste reël om by die Raadsvergadering soos geskeduleer vir Donderdag 07 Desember 2023, 'n verduideliking te gee rakende die proses van die oorbruggingsfinansiering.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad 'n in-beginsel besluit neem ten einde oorbruggingsfinansiering beskikbaar te stel vir die behuisingsprojekte.

***

**BKN038/12/2023**
**SDBIP: TECHNICAL SERVICES**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die "SDBIP: Technical Services" verslag.

***

**BKN039/12/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die maak en aankoop van Kersliggies vir Bergrivier Munisipale area.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN040/12/2023**
**AANSTELLING VAN VOORSITTER VIR RISIKOKOMITEE**
**12/2/2/21**

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking / ondersoeke.

***

***(Die Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste verlaat om 14:16 die vergadering)***

**BKN041/12/2023**
**BERGRIVIER MUNICIPALITY POLICY: HELP REGARDING FUNERALS TO NEEDY HOUSEHOLDS AND THE HANDLING OF INDIGENT BURIALS**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

REGSTELLINGS:

Dat die laaste paragraaf op bl. 1 van die beleid soos volg lees:

"Dit kan ook persone van Goedverwacht, Wittewater, landelike gebiede en agterplaasbewoners, insluit indien hulle voldoen aan dieselfde bedoeling soos van toepassing op die registrasie van deernishulp *en ander uitsonderlike gevalle op aanbeveling van die Wyksraadslid."*

***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste verlaat om 14:16 die vergadering)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings aan die Bergrivier Munisipaliteit Beleid: Hulp ten opsigte van Begrafnisse aan Behoeftige Huishoudings/Persone en die hantering van Armlastige Begrafnisse goedkeur.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN042/12/2023**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: NOVEMBER 2023**
**12/2/2/21**
***(The report was distributed separately)***

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for November 2023.

***

**BKN043/12/2023**
**MAANDVERSLAG: KOMMUNIKASIE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Maandverslag: Kommunikasie.

***

**BKN044/12/2023**
**MAANDVERSLAG: STRATEGIESE DIENSTE**
**9/1/2**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Maandverslag: Kommunikasie.

***

**BKN045/12/2023**
**MAANDVERSLAG: BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE**
**9/1/2**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Maandverslag: Kommunikasie.

***

**BKN046/12/2023**
**VIREMENTE**
**9/1/2**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die  Viremente, Kapitaalspandering van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder en "Feedback of the Procurement Plan of the Office of the Municipal Manager."

***

**BKN047/12/2023**
**KAPITAALSPANDERING VAN DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

*Sien notulering by BKN046/12/2023*.

***

**BKN048/12/2023**
**FEEDBACK OM THE PROCUREMENT PLAN OF THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**
**9/1/2**
***Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

*Sien notulering by BKN046/12/2023*.

***

**BKN049/12/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN050/12/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN051/12/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die Voorsitter reël dat 'n voortsetting van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, met verwysing na die bespreking van die twee (2) In-Komitee items, geskeduleer word vir Donderdag 07 Desember 2023 om 07:40).***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:46*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

__________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***